**28 Februarie** **Skrifgedeelte: 1 Timoteus 1:12-20**
**HK, Vraag 59**

## Die nut en waarde van die Twaalf Artikels vir ons lewe

Elke afdeling van die Twaalf Artikels het ’n besondere waarde vir ons daaglikse geloofslewe. Dit gee ’n samevatting van ons geloofslewe soos wat die Skrif dit van Genesis tot by die boek Openbaring verklaar. Kort saamgevat sê die Twaalf Artikels dat ek in Christus voor God geregverdig is (dat my saak voor God reg is), en dat ek ’n erfgenaam van die ewige lewe is.

Uiteindelik hang my lewensgeluk en vervulling nie af van my goeie gesondheid, my inkomste en besittings nie, maar my werklike waarde word bepaal hoe God oor my dink en oordeel. Sien Hy my in Christus geheilig, maak dit nie saak wat ander mense van my dink, hoe laag my eie selfbeeld is, hoe skuldig ek staan met my verlede nie. Paulus was seker van God se genade en dat Hy alleen in en deur Christus se dood aan die kruis die ewige lewe kon verkry (vgl. 1 Tim 1:15-16).

Diegene wat in die geloof die vaste sekerheid het dat God die Vader ons gunstig aansien, word direk erfgename van die ewige lewe. Wanneer ek God se Woord en beloftes aanvaar soos wat die Twaalf Artikels dit uitstippel, hoef ek nie meer te wag en afhanklik te wees van gebeure wat na my gevoel gunstig vir my val nie. Nee, die gelowige se lewensgeluk en verwagting op ’n mooi toekoms kom van binne, ongeag sy omstandighede. My vertroue in al die waarhede van my geloof word my anker vir tye wat kom.

*Dr. JL Venter (Pretoria-Annlin)*

~~~~~~~~~~~~~~~~
~~~~~~~~~~~~~~~~